Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 1 Augustus 1951 Prys 3d. Nr. 35

## O.B. Se Houding Insake Samesmelting

**Prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad skryf: Volgens verwagting sal die samesmelting van H.N.P. en A.P. eersdaags plaasvind. In hoeverre dit 'n *voorwaardelike* eenwording gaan wees, bly te besien. Of al die voorwaardes ook bekend gemaak gaan word, is ook nog die kwessie. Hoe dit sy, die O.B. kan hom alleen verheug as Afrikaners mekaar op die politieke front weer vind mits dit hulle verder gaan bring in die rigting van die gemeenskaplike i d e a a l. Eenheid is soms nogal maklik te bereik as persoonlike belange gewaarborg word al moet dit desnoods geskied met wedersydse prysgewing van essensiële beleidspunte en gevolglike aanvaarding van 'n afgewaterde program wat eintlik niemand tevrede stel nie. In so 'n eenheid sou reeds die kiem van nuwe onenigheid opgesluit lê. Mag dit hier nie die geval wees nie.**



Die O.B.-lede, veral hulle wat vandag waarskynlik die meerderheid van die A.P. uitmaak, het vanselfsprekend nogal belang by die vraag of een van die voorwaardes van eenwording gaan wees dat hulle met behoud van hul O.B.-identiteit tot die nuwe gesamentlike party toegelaat gaan word. Dit is in die lig van die verlede 'n baie redelike verwagting. Meer as eenkeer het hulle trouens die versekering ontvang dat dit een van die vernaamste voorwaardes van eenwording gaan wees.

Of O.B.-lede tot die nuwe party toegelaat gaan word, al dan nie, is ons nie onverskillig nie. **Nogtans is dit natuurlik nie die belangrikste vraag nie. O.B. sal doodtevrede wees om uitgelaat te word mits die Republiek binnegelaat word. Trouens, as die republiek nie 'n ereplek in die program en die erkende strewe van die te stigte party gaan kry nie, sal O.B.-lede nie te gretig wees om aan te sluit nie.** Word dit egter die vername beleidspunt, dan sal dit moeilik gaan om hulle daaruit te hou. Want O.B.-lid en hartstogtelike republikein is sinonieme.

### LOS VAN BRITSE RYK

**Ons wil egter goed verstaan wees. 'n Republikeinse strewe wat die republiek aan die Britse Ryk gekoppel laat, kan by ons geen geesdrif wek nie. Ook nie 'n republiek wat die huidige Britse parlementêre stelsel met huid en haar gaan oorneem nie. Die bewys is in die verlede gelewer dat die Afrikaner vir 'n eie kerngesonde regeringstelsel kan sorg. Waarom dan bly by die ingevoerde gedoente wat ons so min pas as Saul se wapenrusting vir Dawid?**

Wat van ons Engelssprekende medeburgers, is die beswaar wat die republikein telkens weer teen die hoof gewerp word. **Het die Britse stelsel dan nie lank genoeg sy „innings" gehad nie? En sy futiliteit vir hierdie land bewys nie?** Buitendien word hier geen plotselinge omwenteling bepleit nie, soiets het in teengestelde rigting in 1902 plaasgevind. Ons wil die Engelssprekende Afrikaner nie so

(vervolg in kolom 4)

(vervolg van kolom 5)

drasties behandel nie, ook al omdat ons by ervaring weet dat dit op die duur tog nie die kortste en doeltreffendste bekeringsweg is nie.

### GEEN VAAGHEID

Ons wil en sal hulle oortuig dat ons republikeinse ideaal en strewe vir hulle sowel as vir ons die regte ding is. **Maar dan moet dit nie net 'n vae ideaal vir die onberekenbare toekoms bly nie, dit moet heel ons politieke aksie beïnvloed en bepaal.** Laat ons op hierdie punt tog eerlik wees, met onsself in die eerste plek en ook met hulle wat nog nie op alle punte soos ons dink en voel nie. Dit is tog by vriend en vyand bekend dat die Afrikaner diep in sy hart republikein is en bly, waarom hierdie feit dan langer verdoesel? Sonder hierdie sentrale rigsnoer vir ons politieke denke bly ons behandeling van brandende lands- en volksvraagstukke halfhartig en onoortuigend.

# PARTYSTELSEL KAN GEEN EENHEID BRING

**Watter eenheid soek ons nasionaalgesindes inderdaad? Die oproep tot eenheid van die Afrikanerdom is so oud soos die partypolitiek in Suid-Afrika. Ten noorde van die Oranjerivier tydens die bestaan van die afsonderlike republieke was daardie oproep bedoel vir staatkundige eenheid, eenheid van bestuur, een republiek en een vlag. Die proses van daardie eenwording het betreklik maklik en vinnig gewerk totdat die Britse invloed hom laat geld en Transvaal en Vrystaat beduie was dat hul staatkundige eenwording nie gewens was nie. Maar eenheid wat die volk betref, was so 'n voldonge feit dat toe Engeland se oorlog teen Transvaal 'n aanvang neem die Vrystaat alles saam met Transvaal ingewerp het en die Kaaplanders in sover dit vir hul moontlik was hulle ook aan die kant van Transvaal geskaar het.**

Maar ook in Kaapland voor die eerste partypolitieke skeuring in Afrikanergeledere was daar die wekroep: „Verenigd Suid-Afrika onder eie vlag." Dit was die Afrikanerbond se wekroep waarmee bedoel was staatkundige eenheid in 'n grotere S.A. Republiek. **Volkseenheid was daar.** Maar dit was juis hierdie wekroep wat terwille van party-eenheid laat vaar is. Die Afrikanerbond, soos sy naam aandui, hoewel nie as slegs 'n enge party bedoel, maar 'n insluitende volksorganisasie, het die eerste partytwis ondervind toe hy die parlementêre partyterrein gaan betree het. En hy was noodgedwonge om die aard en karakter van 'n Britse parlementêre party aan te neem. **En volkseenheid kon nie langer gehandhaaf word nie toe partyeenheid swaarste begin weeg het.** Die Afrikanerbond is geskeur en met hom die Afrikanerdom, wat Kaapland betref. Afrikaners in die noordelike republieke het bang geword vir die Kaaplandse Afrikaners. En sedertdien skeur elke party steeds en bly die volk verdeeld.

### EENHEID ONMOONTLIK OP BRITSE GRONDSLAG

Die politieke geskiedenis is, wat die Afrikaner betref, een van voortdurende tragedie. **Die volk het tot vandag nog nie die les geleer dat met die georganiseerde partywese soos gevestig in die soort grondwet wat ons het, geen Afrikanereenheid te vind is en nooit moontlik sal wees nie.**

**As eenheid alleen eenheid kan wees, soos partymanne voorgee, in een politieke party wat regeer, dan moet hierdie selfde grondwet omgeskep word in een van 'n eenparty-staat, 'n partydiktatuur.** Dan moet bv. dr. Malan so min of meer 'n Mussolini word en sy party iets soos die Fascistiese Party, al is dit sonder sy sosialistiese eienskap! **Hoe kan daar net een party in 'n land wees as die party by die verkiesings moet wen om 'n regering te vorm? En hoe sal daar net een party wees as iemand gehuur word teen £2,800 per jaar om leier van die opposisie te wees? Waar kom die s.g. volkseenheid in as 'n Malan £5,000 per jaar kry om te regeer en 'n Strauss £2,800 om teen Malan te veg? Kyk tog hoe sot is die praatjie van volkseenheid onder hierdie stelsel!**

### PARTY NOG NIE DIE VOLK

Maar watter soort eenheid word dan gesoek?

'n Eenparty-bewind bring geen volkseenheid nie. Voorbeelde

**Deur J. A. Smith**

van mislukking is daar soos die eenparty-bewind onder Mussolini en dié onder Hitler. Ek noem dit as twee uitstaande gevalle waar seer seker nie in die eerste plaas aan party-belang bo volksbelange gedink was nie. Dit was sekerlik eerlike pogings om vir die volk die beste te verkry deur 'n eenheidstaat waarmee veronderstel was 'n volkseenheid. **Maar die mislukking het opgesluit gelê in die partygrondslag van die poging waarop hulle probeer uitbou het tot die verlangde volksgrondslag. Want 'n party bly uitsluitend. Hy verdra geen ander op sy eie werf nie, getuig die H.N. Party se vyandigheid teenoor die O.B. en die A.P. Het hulle nie A.P.-kandidate geveto nie?**

### ILLUSIE

Daar kan geen party alleen bestaan onder die party-regeringstelsel nie. **Deel van die geheel is nimmer die geheel nie! Op die grondslag van deur die grondwet erkende partystelsel, nl. 'n regerende en opponerende party, kan vanselfsprekend geen sprake ooit van volkseenheid wees. Dit is juis daarom dat ons verdeeld is. Daar is nie so 'n ding soos volkseenheid deur party-eenheid nie. Dit is 'n illusie op sy minste.**

Al sluit die H.N.P. en A.P. en by hulle ook die V.P. aan, sal dit net 'n groter party word wat binne baie korte tyd weer 'n ander party uit die volk gaan voortbring. Solank as daar setels is om te bestry met die beloning dat wie die meeste verower die bewind gaan voer en die wat tweede meeste kry 'n toelaag ontvang met pensioen en



die reg en plig om teen die regering te veg, reg of verkeerd, sal daar geen volkseenheid met die maatstaf van partye gemeet, ooit wees nie.

### ANDER GRONDSLAG NODIG

**Die eenheid, volkseenheid, sal alleen moontlik word wanneer die landsbestuur nie meer op partye gebaseer is nie.**

Dit is ydele en bedrieglike bog en louter onsin om van volkseenheid te praat solank die landsbestuur die beloning is vir die wennende party. Die politici weet dit, maar bedrieg die volk met hul praatjies van eenheid!

Eenwording van die H.N.P. en A.P. sal geen volkseenheid voortbring nie. Dit is onsin om dit te beweer. Dit is bedrog. Die enigste voordeel daarvan kan wees die gesamentlike partykrag uit die partyoogpunt gesien, wat aangewend kan word om die partystryd binne volksgeledere sterker op die V.Party toe te spits. Want ek erken volmondig dat een party slegter as die ander is en in die geval die V.P. eerste doodgeslaan behoort te word. Maar volkseenheid bring dit gans nog nie.

### WAT DAN?

Maar kan die eenwording van die H.N.P. en die A.P. darem nie volkseenheid nader bring nie? **Ja, dit kan, alleen indien daardie gesamentlike krag waaragtiglik aangewend gaan word om die vereiste staatshervorming, die omskepping van die huidige parlementêre partystaat in die partylose volkstaat te bewerkstellig — d.i. om 'n republiek, gegrond op die ou Afrikaner-republikeinse grondwetlike stelsel, aangepas by die omstandighede van vandag, te stig.**

Dit is vir die bevryding van ons volk van die Britse parlementêre stelsel, die enigste oorsaak van bestendigde volkstweedrag en twis, dat die Ossewabrandwag verkies dat noue samewerking tussen al die nasionaalgesinde organisasies en groepe — en ek noem hulle: die H.N.P. die A.P. die O.B. en N.O. — plaasvind.

### AANSLUIT

Maar of ek nou by 'n party om hierdie rede moet aansluit? Nee, nie noodwendig nie. As lid van die O.B. wat so 'n groot lewensbelangrike terrein het, kan ek meer doen as my die ge-

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

## ELKE PARTY HET KLONTJIE VIR REPUBLIKEINE

**Na aanleiding van 'n besluit van die Pietermaritzburgse tak van die Verenigde Party om nie die republikeinse klousule in die konstitusie van die party te skrap nie, skryf Die Burger van 30 Julie as volg:**

**'n Mens moet regtig tot die gevolgtrekking kom dat die republikeinse kwessie nie so 'n groot geskilpunt in die Suid-Afrikaanse politiek is as wat dit soms lyk nie. As selfs die Verenigde Party-tak van Pietermaritzburg ten gunste van die behoud van die sogenaamde republikeinse artikel in die party se program van beginsels is, dan kan die anti-republikeinse kreet nie so erg ernstig wees nie. Immers, as die Verenigde Party bereid is om republikanisme in sy eie geledere te aanvaar, dan kan hy dit nouliks met volle oortuiging na buite beveg.**

DIE O.B., WOENSDAG, 1 AUGUSTUS 1951

# V.P. WIL SY STERT NIE OOK AFKAP

**„Voordat die O.B. daar was het ek 'n behoefte gevoel aan 'n volksorganisasie buite die politieke party, of liewer as 'n aanvulling daarvan, wat die Afrikaner kan beskerm teen die georganiseerde vyand en sy magte."**

Hierdie woorde is 'n aantal jare gelede deur dr. Malan uitgespreek. Dr. Malan het voorts beklemtoon dat die O.B. en die H.N.P. „albei onmisbaar vir die Afrikaner in sy stryd" is. Maar nie lank daarna nie het die partypolitieke leiers agterdogtig begin raak oor hul eie posisie omdat „die volk agter die Ossewabrandwag aangeloop het" en dit wou voorkom of daar nie meer genoegsame vertroue in die party is nie. Dit, altans, word nou openhartig deur redaksionele lede van Die Burger in die openbaar erken. Die gevolg van hierdie agterdog was 'n vernietigingsaanval op die Ossewabrandwag onder allerlei valse voorwendsels en valse beskuldigings. Die Ossewabrandwag staan na tien jaar se oorlog teen hom nog steeds al is hy tans baie swakker as toe hy die hele Afrikanerdom indertyd van geesdrif laat bruis het. Maar niemand sal seker ontken dat hierdie broederstryd ook die H.N.P. groot afbreuk gedoen het nie. Trouens, H.N.P.-voormanne erken self dat setels verlore gegaan het weens die tweespalt. **Met ander woorde, die Afrikanervolk as sodanig staan swakker — swakker sowel wat vermoë as ideaalstelling betref.**

## NUWE BEWEGING

Nou het daar 'n nuwe „Ossewabrandwag" ontstaan, **maar hierdie keer as 'n vennoot van die Engelsgesinde opposisie — die Fakkelkommando.** Met die stigting van hierdie beweging in Kaapstad verlede week het die leier, groepkaptein A. G. Malan, die doelstellings en metodes daarvan uiteengesit. Afgesien van die beginselverskille wat daar uiteraard met die Ossewabrandwag bestaan, is daar nogal in ander opsigte 'n merkwaardige ooreenkoms — **'n bewys dat die opposisiegesinde volk net so deeglik die behoefte aan 'n volksorganisasie soos die O.B. besef as wat dr. Malan dit 10 jaar gelede gedoen het.**

Die beweging wil nie inmeng in die partypolitiek nie, maar beskou homself as 'n **buiteparlementêre organsasie.** Hy wil ook 'n volksorganisasie wees, **los van enige politieke party.** Hy tree op in groepies van vyf met 'n leier — die korporaalskap van die O.B. Hulle ruim ook 'n spesiale plek in vir die vrou. Die hoofdoel van die beweging is om die grondwet te beskerm en omdat hy die huidige regering beskou as 'n verbreker van die grondwet, gaan hy hom daarop toespits om die regering „uit te smyt." (So het ook die O.B. voor die skeuring gehelp om verkiesings vir die opposisie te wen). Maar juis omdat hy bang is dat die Verenigde Party as hy aan bewind kom „ons miskien verkeerd kan behandel," wil die Fakkelkommando hom geensins aan die party koppel nie. **Hoe moes die Ossewabrandwag na sy stigting nie ook herhaal en herhaal dat hy nie onder 'n party staan nie, maar bo partye die volk tot aksie wil inspireer!**

## GOEDERTROU

Maar die Ossewabrandwag het sy bydrae indertyd in die grootste goedertrou teenoor die nasionale politici probeer lewer. **Niks getuig so sterk vir die opregte welwillendheid van die beweging teenoor die nasionale politici as juis die feit dat hy geen eie koerant gestig het toe hy die magtige geesdrif van die volk beheer het nie. Hoe maklik sou dit nie vir sy leiers gewees het nie om 'n beroep op die volk te doen en 'n kragtige pers in die lewe te roep toe hy sy honderdduisende lede getel het! Maar hy het hom ter goedertrou geheel en al op die H.N.P.-persorgane verlaat sodat toe die partypolitici soos 'n valk uit die blou lug op die beweging toeslaan, hy nie eens 'n nuusbrief besit het om homself teen die valse aanklagte te verdedig nie.**

In hierdie opsig is die leiers van die Fakkelkommando ons beslis voor — miskien juis omdat hulle uit ons dure ervaring 'n les kon put — want daar is aangekondig dat die beweging dadelik gaan begin om 'n eie blad uit te gee wat later kan ontwikkel tot 'n koerant.

Op die oomblik toon die Verenigde Party geen tekens van senuweeagtigheid nie — miskien juis omdat hulle ook put uit die ervaring van hul teenstanders! Die Kaaplandse leier het in 'n verklaring aangekondig dat die nuwe strydmakker verwelkom word as een van meer organisasies wat die demokratiese geledere versterk. Die party het die eer om daardie geledere te lei in sy stryd teen die regering. Hierdie kalme houding word deur die Verenigde Party ingeneem ondanks die hewige pogings van regeringsblaaie om hulle aan te por tot oorlogverklaring teen die Fakkelkommando net soos hulle met die O.B. gedoen het. **Die Verenigde Party besef waarskynlik alte goed die nut van so 'n buite-parlementêre aksiebeweging as bondgenoot, net soos dr. Malan dit tien jaar gelede besef het. Vir politici sal dit seker moeilik gaan om hul agterdog te onderdruk, maar op die oomblik lyk dit tog of die opposisie gaan optel wat die H.N.P. weggegooi het.**

**Dit lyk ook of die H.N.P.-leiding besonder bang is dat die ander party met 'n stert sal sit terwyl hy nou sonder stert moet rondloop — vandaar die byna histeriese pogings om die V.P. broederlik te vermaan om ter wille van sy eie behoud tog maar sy stert so gou as moontlik af te kap; want kyk net „wat 'n taak was dit om die gemors weer op te ruim" in hul geval!**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Erosie van Grond en Gees*

Ek wil vandag 'n bietjie gesels oor erosie. Ek wens ek kon diegene van my lesers wat daar ver in die binneland lewe 'n slaggie by my hê nadat 'n algemene reën geval het. Elke oggend wanneer ek langs die see na die stad reis, kan ek sien hoe ons vaderland se bodem in ongelooflike hoeveelhede na die oseane spoel. Na so 'n reën is die see se water vir myle ver vaalbruin gekleur. As mens dink hoeveel duisende tonne grond dit moet neem om die seewater so skerp te kleur, dan wonder jy of jou kinders nog voedsel sal hê om te eet wanneer hulle groot is. En dan sien 'n mens nog wanneer jy in die binneland reis hoe sekere boere hul lande teen die hoogtes op en af ploeg. Baie boere het reeds geleer om hul grond te bewaar teen verspoeling deur al op die dwarste van 'n bult te ploeg, al loop die lyne krom. Maar daar is nog diegene wat meen dat dit netjies is om pylreguit vore op en af teen 'n bult te trek. Dit is veral hulle grond wat die see hier by my in die Kaap so bruin kleur.

Ek wil graag hier 'n paar feite aanstip om te toon hoe noodsaaklik dit is dat ons ons grond soos juwele moet bewaar.

Die wêreldbevolking vermeerder teen 'n tempo van 50,000 siele per dag. Let op, elke oggend as ons ons koppie koffie drink, is daar weer 50,000 monde meer wat gevoed moet word — van dieselfde grond, want met die uitsondering van 'n beperkte hoeveelheid weiveld en bougrond in Midde-Afrika, is daar geen nuwe wêreld waar voedsel geproduseer kan word nie.

### *Drie Eeue om Een Duim Grond te Vorm*

Inteendeel, die grond wat ons het gaan verlore namate die bevolking van die wêreld aanwas. In 1939 het dr. Hugh Bennett, die Amerikaanse grondbewaringsdeskundige wat 'n paar jaar gelede ook ons land besoek het, verklaar dat Amerika 9 duim bo-grond gehad het toe die beskawing daar geplant is. Een-derde hiervan is reeds weggespoel en verwaai, en dit neem die natuur van 300 tot 1,000 jaar om 'n enkele duim bogrond op te bou. As gevolg van erosie verloor Amerika ELKE DAG die ekwivalent van 200 plase van twintig morg elk. Meer as 100,000,000 morg grond is sedert die Amerikaanse volksplanting al onbruikbaar verspoel!

In Europa is daar vandag nog net 'n half morg landbougrond vir elke mens beskikbaar, terwyl wetenskaplikes bereken dat daar 1½ morg per persoon nodig is om hom behoorlik te voed. Voor die oorlog moes Engeland ongeveer die helfte van sy voedsel invoer en Duitsland ongeveer 'n kwart. Europa is dus grootliks afhanklik van die nuwe wêreld — Amerika en Afrika — van voedsel.

Oor Asië wil ek nie veel sê nie. Sy miljoene sterf reeds die afgelope eeue van honger omdat die grond lankal nie meer in die behoeftes van sy bevolking kan voorsien nie. In Sjina alleen het, na berekening, 100,000,000 mense in die afgelope 100 jaar van honger omgekom. Die bevolking van Afrika word op ongeveer 180,000,000 geskat, maar ons landbougrond is so gering weens ons lae reënval, dat ons nouliks in ons eie behoeftes kan voorsien. Om 'n idee te vorm: Hoewel die vasteland van Afrika 1½ biljoen morg groter is as Suid-Amerika, het hy maar 10,000,000 morg meer bebouabare grond terwyl sy bevolking 70,000,000 meer is as dié van Suid-Amerika.

Hierdie paar feite gee mens 'n indruk watter plig daar rus op ons landbou-bevolking om alles in hul vermoë te doen om elke vierkante duim landbougrond en weiveld te bewaar vir die nageslag.

### *Geestelike Verval*

En terwyl ek nou van gronderosie praat, kan ek maar net sowel 'n bietjie stilstaan by geesteserosie. 'n Potchefstroomse professor, dr. H. G. Stoker, het onlangs 'n artikel in Die Kerkblad geskryf oor die agteruitgang van ons volk se sedes. Een belangrike rede wat hy daarvoor genoem het, is die Britse partystelsel wat ons volk in oneerlikheid skool. Dit is baie waar. Het u al opgemerk hoe maklik 'n eerwaardige burger van die land 'n leuen kan verkondig as dit in belang van sy party is en hoe selfs goeie kerkmense politieke leuens en bedrog goedkeur as „politieke oorleg" of „diplomasie." 'n Man sal miskien selfs 'n ouderling in sy kerk wees, maar as sy koerant berig dat sy party 'n groot vergadering van 1,000 mense gehad het waar hy ook teenwoordig was, sal hy dit beaam teenoor 'n teenstander al weet hy in sy hart dat daar nie die helfte soveel mense was nie. En as sy leier 'n mosie van wantroue ingeoes het, sal hy saam met sy koerant dit goedpraat as 'n mosie van vertroue indien dit maar enigsins moontlik is. Neem nou maar byvoorbeeld die kwessie van 'n republiek. Ek het nie so lank gelede nie met 'n sendeling gesels oor dr. Malan se bolmakiesieslanery met die republiek. Hy het eerste begin deur te verwys na die groot vordering wat ons nou maak — byvoorbeeld die nuwe uniforms in die leër, ens. Ek het saamgestem dat dit nogal 'n stap in die regte rigting is, maar toe ek hom daarop wys dat dit maar bykomsthede is wat staan teenoor die feit dat ons verdediging as sodanig steeds vaster aan Brittanje gekoppel word, het hy geantwoord dat dit maar net 'n tydelike maatreël is met die oog op die kommunisme. Ek het vir hom voorgelees uit Hansard waarin dr. Malan verklaar dat hy nou in alle omstandighede binne die Britse Statebond wil bly, sodat hierdie vaskoppeling dus wel neergelegde toekomsbeleid is. „Nee," sê hy, „dit is nie 'n vaste beleid nie, dis maar net dr. Malan se oulikheid om die Engelse eers mak te maak!" Dit was 'n sendeling, en ek het myself, nadat ek met hom afgereken het, die vraag gestel: As dit aan die groen hout gebeur, wat dan van die arme droë takkies?

Hier kry jy werklikwaar 'n geestelike voorganger van die volk en hy keur dit goed en glo dit graag dat sy partyleier politieke leuens verkondig en dinge aan sy teenstanders voorhou wat hy weet pure bedrog is. Hy is dood bereid om hierdie politieke bedrog te omhels as „goeie politiek," as uitoorleëry van die vyand.

### *Vloek van Oorlog*

'n Hollander wat aan die ondergrondse stryd in Nederland teen die Duitsers deelgeneem het, het aan my gesê dat daar naderhand onder die dekmantel van oorlogsnoodsaak baie lelike dinge plaasgevind het. Ek dink ons het iets van dieselfde aard in ons eie land ondervind waar daar maar onwettige dinge gedoen is as oorlogsnoodsaak. Oorlog noodsaak soms sulke dinge, maar wanneer dit sy nawerkinge in die gewone lewe later het, is dit een van die vloeke van oorlog wat mens erf. Die partypolitiek is 'n vorm van oorlog — gewettigde burgeroorlog. Maar hy het nog dié nadeel dat dit 'n nimmereindigende oorlog is, sodat sy onbetaamlike praktyke as vanself deel word van die gewone lewe. En dit is die groot vloek van die partystelsel op sedelike gebied — afgesien daarvan dat dit 'n land reneweer net soos enige oorlog, en veral 'n burgeroorlog dit doen.

### *Ongelowige Onderwys*

Die professor het ook nog na die neutrale grondslag in ons hoër onderwys verwys as oorsaak van sedelike agteruitgang. Ek stem daar ook van harte mee saam. Dit verbaas my elke dag nog dat 'n volk wat daarmee spog dat hy van „Geus en Hugenoot" afstam, van „vrome Voortrekkers," en wat 'n geslag gelede nog vir byna 100 persent aan 'n kerk behoort het, dit ooit geduld het dat sy godsdiens van hom afgevat is deur 'n paar onchristelike Jode en Engelse. Soos al voorheen in ons blad berig is, het die neutrale grondslag van ons universiteite sy ontstaan in 'n erflating van 'n Britse Jood. Terwille van sy skenking mag daar geen godsdienstige dogma aan die universiteite geleer word nie. Daarby het gekom 'n onverklaarbare houding van ons owerheid om doelbewus godsdiens — nie Bybelgeskiedenis nie — uit ons skole te weer omdat daar dan ook vrysinnige burgers se kinders in die staatskole is. Goeie land! moet die 99 christelike ouers tevrede wees dat hul gedoopte kinders soos ongelowiges moet opgroei in die skole net omdat die een ongelowige ouer nie sy kind as 'n gelowige wil laat opvoed nie? En dan praat ons nog van 'n christelike land waarin ons woon? Daar is mos nie sulke soos neutrale onderwys nie! As jy nie christelik is nie is jy nie „neutraal" nie, maar onchristelik.

En dit is as gevolg van hierdie geestelike erosie dat ons jeug agter allerlei onsinnige idees soos byvoorbeeld die bogtery van evolusie aanloop. En as Afrikaanse uitgewers dan nog vir ons kinders boeke gee, moet die kerke waarsku daarteen omdat sulke stuitlike teorieë soos dat die mens van 'n aap afstam daarin as „wetenskap" verkondig word. Waar het ons volk nie beland omdat hy sy godsdienstige erfenis vir 'n pot silwer en sy politieke erfenis vir 'n „burgeroorlog" verruil het nie!


**O.B. JAARGANGE**

JAARGANG 1940—1950

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

*VOORRAAD BAIE BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# TITO SE JOEGO-SLAWIË GEVAARPUNT VIR EUROPA

**'n Mens kan nie 'n glimlag weerhou oor die seldsame domheid en lafhartigheid van die huidige politici van die Anglo-Amerikaners teenoor Rusland nie. Helaas vereis die oombliklike situasie nie 'n glimlag nie maar wel trane.**

**Nie lank gelede nie het Anthony Eden in die Britse laerhuis opgestaan en van die regering geëis dat hulle in verbinding moet tree met die Russiese regering en aan laasgenoemde verduidelik dat as daar miskien deur Russiese of Russiese satelliet-troepe 'n aanval op Joego-Slawië gedoen word, die oorlog van die Weste teen Rusland sal ontbrand.**

**24 Uur later versag Acheson, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, reeds in 'n perskonferensie die verklaring van Eden deur te sê dat 'n aanval op Joego-Slawië van die kant van sy kommunistiese bure die struktuur van die wêreldvrede wankelend sou maak.**

Politieke waarnemers sien en voel dat Acheson oor die eise en dreigemente van Eden amper aan beroerte gesterf het.

Nieteenstaande hul geweldige oorwig het die Weste nooit die inisiatief behaal om die ewige dreigement van Rusland stop te sit nie.

Maar waarom het Eden dan nie teëgestribbel toe die Russe die vredesverdrae met Bulgarye, Roemenië en Hongarye opsy geskuiwe het sodra die kommuniste die mag in hierdie state behaal het nie?

Waarom het Eden en Acheson nie met oorleg gedreig toe die Bulgaarse minister Petkaf, wat baie vriendelik gesind was teenoor die Westerse moondhede, deur die Russe opgehang is nie?

Waarom het Eden en Acheson nie geprotesteer toe die Russe die Roemeense minister, Maniu, tot lewenslange tronkstraf veroordeel het weens sy vriendelikheid teenoor Duits-Roemenië nie?

### TITO BELOON

Dit is algemeen bekend dat Amerika en Engeland nie in die Bulgaarse, Hongaarse en Roemeense volk geïnteresseerd is nie. By Tito is dit natuurlik geheel en al anders. Vir die moord van generaal Michailowitsch en sy offisiere het Tito 40 miljoen goue ponde gekry. **Tito het ook miljoene dollars Marshal-hulp gekry en dit alles moes rente bring, daarom moes Tito beskerm word.**

Sedert jare weet ons dat die afrekening van Moskou met Tito op hande is. Die vraag is net wanneer?

Die vernietiging van Tito is vir Moskou net soseer 'n politieke as 'n militêre noodsaaklikheid en die sekerheid dat dit

**Deur Ski**

sal gebeur verhoog die spanning om die vraag: hoe sal Moskou die vraagstuk oplos?

Moskou het sy satelliete Bulgarye, Roemenië en Hongarye sowel polities as militêr goed georganiseer en hom klaargemaak vir die te velde trek teen die kommunistiese Judas, Tito.

### STERK MAGTE

Op die oomblik het Bulgarye 'n eersteklas en baie goed ontwikkelde leër van sowat 100,000 man.

Roemenië het 225,000 gewapende troepe op die grens van Joego-Slawië en hulle staan reg vir enige gebeurlikheid.

Hongarye het 8 Divisies met 'n totaal van 100,000 man. Die Hongaarse leër is baie goed voorsien van Russiese artillerie en swaar tenks.

Teen die 425,000 satelliettroepe het Tito 'n leër van 350,000 man. Maar dit is seker dat Rusland sy satelliet-troepe met Russiese divisies sal versterk, en dan hang dit daarvan af of Tito se soldate getrou bly teenoor hul leier.

### GEESTELIKE FAKTOR

**Die Anglo-Amerikaners reken net op getalle en moderne uitrusting maar vergeet die geestelike faktor.**

Tito se kommunistiese soldate sal sekerlik sê: Teen my kommunistiese geloofsbroers sal ek sekerlik nie veg nie. Ook die domste kommunis weet dat Rusland en sy satelliete sterker en magtiger is as Tito. Sy enigste gedagte sal wees: ek moet my in veiligheid bring! Hy sal by die eerste die beste geleentheid oorstap. Dit sal sekerlik die geval wees met die Bosniërs en Montenegryne wat 15 persent van Tito se leër uitmaak en oortuigende kommuniste is.

Een-derde van die Joego-Slawiese volk bestaan uit Kroate wat onder generaal Pavlovich teen die Joego-Slawiërs vir hul vryheid geveg het. Die Kroate is Roomse Katolieke en die geestelike grondslag van die Roomse is teen kommunisme. Die Kroatiese soldaat sal homself afvra: Is Tito nie die vervolger van Roomse katolisisme nie? Waarom sal ek my vir die beul van my aartsbiskop, Stepinac, opoffer?

Die helfte van die leër bestaan uit Serwiërs. 20 Persent van die Serwiërs is nasionaliste en elke nasionalis sal homself afvra: waarom sal ek vir die moordenaars van ons held Michailowitsch veg?

En die 5 persent Oostenrykers en Duitsers! Waarom sal hulle vir hul moordenaars veg?

### GEBROKE RIET

So is Tito se leër dus tot 70 persent 'n onsekere faktor. Natuurlik sal Tito se leër nie met die eerste kanonskoot uitmekaar spat nie, maar hulle sal nie die stryd teen Rusland met geesdrif voer nie.

Niks kan die verbeeldingloosheid en die onwesenlikheid van die politiek van die Westerse moondhede beter skets, as die feit dat Engeland en Amerika tot op die huidige dag die gehate en slegs op geheime polisie-steunende Tito-regering sulke enorme lenings gee nie.

Die Anglo-Amerikaners dink dat Tito nie alleen 'n ernstige weerstand teen die Russe en sy satelliete sal bied nie, maar nog daarby 'n ankerplek in die verdediging van die Weste sal wees.

### BLINDHEID

**Die blindheid van die Westerse wêreld gaan so ver dat byvoorbeeld die New York Times van 14/2/51 aan sy lesers die vermaning gegee het om nie van 'n stryd teen kommunisme te praat nie, want die nuwe vriend, Tito, kon aanstoot daaraan neem!**

In Moskou neem die mense dit alles vir kennisname aan, glimlag en swyg. Lank gelede al is die planne gereed om Tito en sy stelsel te vervang.

Of Moskou al die planne beraam het om die Masedoniese vraagstuk op te los, weet ek nie, maar dit is seker dat Rusland gereed is om die vleuels van Joego-Slawië te knip. Die oplossing van die Masedoniese vraagstuk sal, volgens „Das neue Deutschland," 'n Kommunistiese koerant, die voordeel hê dat daardeur een regstreekse landsverbinding tussen Bulgarye en Albanië — juis oor die nuwe Sowjet-Masedonië — tot stand gebring word.

Wat wil die Westerse moondhede daarteen doen?

Niks! Heeltemal niks!

**Elke man weet — en dit laat die verklaring van Eden so hol klink — dat Joego-Slawië deur die Westerse moondhede nie verdedig kan word nie. Net so min as wat Pole deur die Engelse in 1939 verdedig kon word.**

**Die gevolg sal wees: die Midde-Ooste en Noord-Afrika is in gevaar.**

## GRYSAARD GEE BYDRAE VIR REPUBLIEK

**'n 75-jarige, mnr. J. G. Blignaut, wat so pas verhuis het na Benoni, stuur na aanleiding van die O.B.-leier se oproep in verband met 8 Augustus tien sjielings aan die hoofkwartier met die volgende boodskap:**

**„Ek stuur u 10s. vir die oproep van die K.G. om fondse vir die republiek. Aangesien Mev. en ek nou uit verband is met ons kommando in die Vrystaat, stuur ons die geld maar aan u in die vertroue dat u dit op die regte plek sal besorg. Ons weet nie of ons die voorreg sal smaak om die republiek te belewe nie, maar dit kom nie daarop aan nie. Ons stuur ons deeltjie in die hoop dat dit sal help om die ideaal van ons volk te bevorder. Ons leuse bly maar My God, My Volk, My Land. Belewe ons nie ons ideaal se verwesenliking nie, dan is ons kroos daar om die vrugte te kan pluk, want die ouderdom is daar — in September word ek 75 jaar.**

**„Ons wens u alle voorspoed en seën toe op u strewe en voorligting na 'n onafhanklike republiek, waarvoor ek geveg het en nog na verlang."**

# GROTER VERHOUDING BRITTE NA UNIE AS NA AUSTRALIË

**Australië, wat 'n Engelssprekende bevolking het, voer tans meer immigrante van ander lande in as van Brittanje, volgens die jongste syfers wat beskikbaar is.**

**Sedert 1947, toe Australië met sy immigrasieprogram begin het, tot aan die einde van verlede jaar, het daar 204,962 Britse teenoor 234,809 nie-Britse immigrante die land binnegekom. Die Hollandse gemeenskap is daar dan ook al so sterk dat 'n eie predikant uit Holland deur hulle beroep is.**

**Suid-Afrika, wie se bevolking vir die grootste deel afstam uit volke van die vasteland van Europa, spog egter nog daarmee dat meer Britte ons land binnekom as alle ander nasionaliteite saam, en dit gebeur nog drie jaar nadat ons 'n suiwer Afrikaanse regering aan bewind het.**

Tydens die afgelope sitting van die parlement het min. T. E. Dönges die jongste syfers in verband met immigrasie verstrek. **Hy het gesê dat 47 persent van die Unie se immigrante VERLEDE JAAR nog Brits was — teenoor 18 persent van Kanada se Britse immigrante!**

**Dit blyk dus dat sowel Kanada as Australië veel minder Britsgesind is as ons Unie-regering.**

Hierdie verskynsel moet deels toegeskryf word aan die drang by die nasionale bewind om hom in die aangesig van die Britte skoon te was van die aanklag van die opposisie dat hy „anti-Brits" en „ondemokraties" is.

Maar wat baat dit die Afrikanervolk as hy wel 'n Afrikaanse regering aan bewind bring, maar daardie regering volg maar terwille van politieke oorwegings dieselfde beleid as 'n Empire-gesinde party?

**Dit is tyd dat ons volk druk begin uitoefen op die regering sodat hy kan terugkeer na die nasionale koers.**

## Deesdae Sterf Minder Mense

Die wêreld se sterftesyfer het in die afgelope jare afgeneem, volgens die statistieke van een van Amerika se vooraanstaande assuransiemaatskappye. In elk van 19 lande in die suidelike sowel as die noordelike halfrond het die sterftesyfer met meer as agt persent verminder.

Dit is betekenisvol dat dieselfde verskynsel ook in onontwikkelde en armer lande voorkom, het die statistici gesê.

In Japan het die sterftesyfer met byna 30 persent gedaal, grotendeels as gevolg van die openbare gesondheidsmaatreëls wat deur die besettingsmagte ingestel is. In Ceylon het 'n anti-malariaveldtog 'n groot rol gespeel en die sterftesyfer het met ongeveer een-vyfde gedaal vanaf voor-oorlogse jare.

In Engeland en Wallis was die vermindering in die sterftesyfer 27 persent, en in die Verenigde State 23 persent. Noorweë het nog steeds die laagste sterftesyfer in die wêreld.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



Waar u ook mag wees



Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret
GI-3060 AH

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BENODIG

**Onderwyseres** vir drie beginners volgens Goewerments-sillabus. Begin eerste kwartaal 1952. Salaris £30 per kwartaal. Vrye inwoning. Gerieflike huis op plaas. Meld kerkverband. Antwoord **J. F. van der Merwe**, Seramie, Posbus 15, Kaallaagte. 1/8/3B

### GRYSHARE

**GRYSHARE**, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels**, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### TE KOOP

**SWART AUSTRALORP KUIKENS**, waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen 6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA**, Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

### MEDISYNE

**GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. **Skryf dadelik**, raadpleeg **Die Boerevrou**, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MEUBELS

**MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**Motors van die Suid-Afrikaanse Polisie lê elke jaar 'n afstand af wat gelyk staan aan duisend keer om die aarde, volgens die kommissaris van polisie, genl.-maj. R. J. Palmer.**

Hy het gesê dat polisiemotors gemiddeld tussen 25,000,000 en 26,000,000 myl per jaar aflê. In verband met hierdie mylafstand het 636 ongelukke verlede jaar plaasgevind.

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers** van politieke partye en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.........................*

*..............................vir die eerste..........................maande.*

*NAAM*.................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*.................................................

.................................................

.................................................

.................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Politici Versus Volk: Skandalige Sameswering In Perspektief

**Op 15 Junie het die minister van finansies hom, volgens Hansard, as volg uitgelaat:**

„Mnr. die Speaker, ek het nou in hierdie sitting vir meer as vyf maande in hierdie Huis gesit en ek het hier getrou gesit en luister na die debatte oor die verskillende sake waar my agb. vriende om meer dienste aanvraag gedoen het, beter dienste en ander dinge wat almal 'n vermeerdering van uitgawe noodsaaklik maak, met die resultaat dat die Raad nou voor hom het die syfer van uitgawe van die land. Vandag egter kom boontjie om sy loontjie. Dit is my plig as minister van finansies om te sien waar ek die middels kan vind om al hierdie uitgawes te finansier, en wat vind ons nou. Pleidooie is gelewer deur verskillende agb. lede en onder meer vind ons pleidooie ten behoewe van die armes. **Ek weet natuurlik dat hulle kiesers is.** Ek weet dat dit baie maklik is om te pleit vir 'n vermindering van hereregte insover dit 'n sekere seksie van die bevolking aanbetref, **maar besef agb. lede dat die tyd verby is dat dit moontlik is vir enige minister van finansies in die land om die inkomste te vind wat nodig is vir die landsuitgawe, slegs van die welaf klasse? Ek herhaal dat daardie tyd verby is. Ons het die inkomstebelasting. Dink agb. lede dat ek die skaal kan vermeerder by die boonste kerwe? Die tyd het aangebreek en sal aanbreek wanneer ons nie in staat sal wees om nog lank hierdie milde kortings toe te staan aan wat as die sogenaamde middelgroepe en armer seksies bekend staan nie. As ons die inkomste moet vind vir al hierdie beter sosiale dienste, sal ons die las moet lê op 'n breër massa van die bevolking."**

### DIE „ENGER GROEPIE"

**Dit was op 15 Junie. Ses dae later, op 21 Junie, stel die eerste minister in die volksraad (met goedkeuring van alle partye) voor dat parlementslede se salarisse met £400 per jaar, dié van die eerste minister self met £1,000, dié van gewone ministers ook met £1,000, dié van die leier van die opposisie met £800, dié van die president van die senaat met £400, dié van die speaker van die volksraad met £500 vermeerder word.**

Ses dae nadat die minister van finansies aangekondig het dat landsuitgawes so groot is dat „ons die las moet lê op 'n breër massa van die volk," het die eerste minister aangekondig dat:

> **„Aangesien parlementslede soveel onkoste het om hul inkomste te kan verdien, word 'n deel van die toelaag van inkomstebelasting vrygestel."**

**Hierdie „deel" beloop in die geval van parlementslede £700, in die geval van ministers £1,400, in die geval van die opposisieleier £1,080 en in die geval van die speaker £1,200.**

**Let nou op hoe die middelgroepe en armes aanstaande jaar met verhoogde belastings opgesaal gaan word ten einde onder andere ook die bykomende £130,000 wat die regeerders se verhoogde salarisse meebring, te voorsien!**

### PARTY SPAN SAAM TEEN VOLK

**Die betreurenswaardige van dit alles is egter dat die regering self so bewus was van die skandalige van die maatreël dat hy nie alleen verantwoordelikheid daarvoor wou neem nie.** Dr. Malan het gesê:

„Daar kan verwag word dat daar kritiek sal wees. Dit is 'n maklike aanvalspunt en daarom word die maatreël met 'n mate van huiwering voorgestel. **In so 'n geval kan die verantwoordelikheid nie net op een party geplaas word nie. Die saak is in alle erns deur die onderskeie partye bespreek en daar bestaan gesamentlike verantwoordelikheid. Die ontevredenheid wat buitekant die Raad kan ontstaan kan dus nie teen een of ander party deur sy teenstanders uitgebuit word nie. Dit was alleen in sulke omstandighede** dat die wetsontwerp ingedien kon word."

### HOE SOUT IS HUL TRANE?

Wat sien die volk hier?

Wanneer politici in die volksraad pleit vir die armes, dan doen hulle dit slegs met 'n oog op stemme, soos die minister van finansies ruiterlik erken wanneer hy sê dat hy weet die armes is ook kiesers. **Maar 'n £1 is vir 'n politikus darem net soveel werd as 'n stem — mits hy die nodige reëlings kan tref dat dit hom in elk geval geen stem sal kos nie!**

**Hierdie reëling is getref toe die partye vooraf saamgeknoei het teen die volk om aan hulself verhogings en belastingvrystelling te gee uit die geld wat die armes voortaan ook sal moet help bydra — verhogings, wat in hul mildelikheid geen ander loon- of salaristrekkergroep binne of buite die staatsdiens nog te beurt geval het nie.**

**Maar „die volk daarbuite" weet nou hoe sout die krokodiltrane van beroepspolitici is wanneer hulle pleidooie vir die armes aanhef — wanneer daardie armes ook kiesers is!**

# Groot Toename Van Oosterse Volke

**Die wêreld se bevolking het in die afgelope 50 jaar met 825,700,000 toegeneem tot 2,377,400,000 mense, volgens syfers wat deur die wêreld-gesondheidsorganisasie in Genève verstrek is.**

Die grootste vermeerdering was in Indië en Pakistan waar daar 'n aanwas van 137,900,000 was. Die Indiër-bevolking staan tans op 420,400,000. Rusland se bevolking staan nou op 200 miljoen en dié van Noord-Amerika op 149,200,000.

Suid-Afrika se bevolking het in die halfeeu van 4,700,000 tot 12,000,000 toegeneem, terwyl Ierland, as die enigste land wie se bevolking verminder het, nou 3,000,000 inwoners het teenoor 3,200,000 vyftig jaar gelede.

# BRAAIVLEIS-AAND

## VRYDAG 10 AUGUSTUS

om 7-uur nm. op die plaas van Komdt. C. P. J. DU TOIT, **HOUTBAAI, Pk. Malanstasie**

Vergadering 8-uur nm.

Spreker: Dr. F. D. du T. VAN ZYL,

BRAAIVLEIS GRATIS!

Alle offisiere, Brandwagte en vriende word hartlik uitgenooi:

U word versoek om Komdt. Du Toit te verwittig per telefoon (Nr. 6811 Wellington), of andersins, indien u die braaivleis sal bywoon.

# VERJAARDAGVIERING

Die amptelike verjaardagviering van ons Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag, word vanjaar te Lichtenburg gehou, op Saterdag, 8 September 1951, vanaf 3 nm.

Tussen 2- en 3-uur nm. vertrek ons in groepe vanaf die Afrikaanse Koffiehuis, Scholtzstraat, Lichtenburg, na die feesterrein. Sorg dat u voor 3-uur nm. daar aankom.

Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi na die feesviering.

Daar sal volop skaapvleis, wors en lekker Boeregeregte te koop aangebied word.

**PROGRAM:**

4 nm.: Ontvangs van ons K.G. en mev. Van Rensburg. Vlaghysing. Skriflesing en gebed. Verwelkoming H/G. K. J. H. Behrens.

4.30 nm.: Gesellige verkeer — Verkope, ens.

6.30—7 nm.: Aandete.

7 nm.: Oorhandiging van verjaardaggeskenke en adres aan ons K.G. en mev. Van Rensburg: H/G. D. J. van Rooy, voorsitter van Grootraad.

7.30 nm.: Toespraak genl. Petrus Grobbelaar.

8.15 nm.: Toespraak Kommandant-generaal.

**Kom Seker en Kom Vroeg!**

# WAAROM MENSE OORLOOP NA RUSLAND

**Toe deur middel van 'n amptelike mededeling op 7 Junie 1951 deur die Britse ministerie van buitelandse sake bekend gemaak is dat twee leidende lede van hierdie ministerie, nl. die hoof van die afdeling „Amerika," Donald Duart Maclean, en sy ou studievriend en kollega, Guy Francis Burgess (tot onlangs sekretaris van die gesantskap in Washington en toe referent vir die Verre Ooste in die Engelse buitelandse ministerie) verdwyn het, waarskynlik na Moskou, het die hele politieke en diplomatiese struktuur van die Westerse wêreld gebewe tot in sy fondament.**

### Deur dr. Otto Strasser

Die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson, het voor die komitee wat ondersoek ingestel het na die verdwyning van hierdie twee manne erken dat die vooral ernstige gevolge vir die politiek van die Weste kan hê, aangesien die twee, danksy hulle hoë betrekkings, toegang gehad het tot alle geheime van die Brits-Amerikaanse samewerking, veral insake Rusland en die Verre Ooste. In Engeland moes Morrison op die Konserwatiewe Party se dringende vrae antwoord dat altwee persone bekend was vir hul belangstelling in die „Probleme van die Kommunisme"; dat altwee perfek Russies kan praat en herhaaldelik in moeilikheid beland het weens hul „ekstrieke gedrag." Onoffisieel is bekend dat Engeland gedwing is om sy politieke geheime kodes te verander, aangesien ook hierdie geheim, benewens talryke ander, toeganklik was vir die lede van die ministerie van buitelandse sake en nou aan die Kremlin bekend is.

Onwillekeurig het die leser by hierdie voorvalle gedink aan die onlangse „Algar Hiss-voorval." Ook dit was 'n hoë amptenaar van die ministerie van buitelandse sake — maar in Amerika — en 'n man wat as enigste vertroueling van Roosevelt die Jalta-konferensie bygewoon het. Ook daar het alle kollegas en sy base, selfs die minister, vir hom in die bresse getree — tot die hoofregter, Felix Frankfurter het ten gunste van die aangeklaagde getuig, totdat die bewyse van sy „meineed" in verband met sy aktiwiteit vir Rusland oorweldigend was.

#### BESONDER TIPE

Alger Hiss, Maclean en Burgess het dieselfde agtergrond; dieselfde opvoeding geniet, en is min of meer dieselfde ouderdom — mens kan eintlik van 'n mensetipe praat, 'n „Huxley"-tipe — so genoem weens die geestige akrobatiek wat hierdie bekende Engelse intellektuele en UNESCO-voorsitter aan die dag gelê het oor die afgrond van nihilisme — bewonderenswaardige akrobatiek; maar mens moet nie vergeet nie dat minder geoefende akrobate maklik kan afstort.

**Mense wat hierdie manne „verraaiers", „spioene", „Bolsjewistiese knegte" noem, het nog nie begryp nie, dat ons in 'n geweldige geestelike krisis verkeer wat gebore is uit die verval van die Weste en waar die Kommunisme as 'n redmiddel en uitweg voorkom. Manne soos hierdie drie — en daar is nog meer — is nie „verraaiers" nie: inteendeel, hulle het 'n nuwe geloof. Hulle het die swakhede van die Weste ontleed en besef en sien in Kommunisme hul redmiddel: 'n nuwe geloof; die krag van die jeug teenoor die dekadensie van die ouderdom; belofte van regverdigheid; verkondiger van waarheid in 'n wêreld van leuen!**

#### WÊRELD VAN LEUENS

Is dit nie waar dat die Weste in 'n wêreld van leuens lewe nie? Dat sy proklamasies van vryheid en regverdigheid op alle gebiede elke dag as onwaar bewys word? Dat die Weste lankal die geloof aan sy eie dade en woorde verloor het? en die geloof aan die Christelikheid en God en regverdigheid. Hierdie mense het daardie dodelike krisis duidelik erken as minder intelligente mense.

Wie homself hierdie vrae stel, moet dit met 'n „ja" beantwoord. **Moet die jeug van Europa nie òf sinies-nihilisties òf rewolusionêr - kommunisties word as hulle die dade van die Westerse moondhede met hul woorde vergelyk nie? Hoe welluidend was die frases van die Atlantiese Handves tot die oomblik aangebreek het om dit by Jalta en Potsdam te verwesenlik? Waar beoefen die Weste sy oogmerke van vryheid en regverdigheid — in Japan, Marokko, Persië, Siprus of Egipte? Hoe het die soet woorde van die lippe van die regters in Neurenberg geval (o.a. Rudenko, hoof van die Russiese KZ in Duitsland) terwyl dit in Korea Napaimbomme op regverdige en onregverdiges gereën het, en in Indo-Sjina vir elke Fransman wat die lewe verloor, 20 gyselaars gedood word?**

#### DIE GEVAARBRON

**Die gevaar van kommunisme lê hoofsaaklik gegrond in die krisis waarin die Weste verkeer, en die krisis is veral 'n geestelik-sedelike.** Is dit komies of tragies dat Truman na die Britse „Alger Hiss-voorval" 'n nuwe departement — die „Psychological Warfare Board" — in die lewe geroep het, nadat Acheson die vorige jaar reeds vir sy departement 'n „Psychological Strategy Board" gestig het? Wat die Weste makeer is nie 'n nuwe raad met honderdduisend sielkundiges wat 'n superpropaganda teen die kommunisme van stapel stuur nie, maar die geloof aan sy eie ideale soos dit geproklameer word. **Dit is alleen moontlik as die Weste die ideale uitleef en deurvoer sonder om bekommerd te wees oor voor- of nadele.**

Die kommunisme se krag lê juis daarin dat sy navolgers ten eerste vas aan hul ideale glo en dan ook daarvolgens handel. Niemand kan ontken dat Lenin en Stalin die kommunisme ernstig opgevat het nie, en dat die kommuniste in Pole en Hongarye, in Korea en Sjina nie met uiterste onverskilligheid teenoor andere (en teenoor hulself) aan hul eie program glo en dit uitvoer!

#### GELOOF SE BETEKENIS

Daarby is dit van minder belang of hierdie program „reg" of „verkeerd" is; solank die krag van die geloof daaraan sterk genoeg is. Toe die Islam destyds die helfte van die bekende wêreld verower het, was die oorsaak nie die feit dat sy leer reg was nie, maar die geloof en bekentenismoed van sy volgelinge. Dieselfde geld ook vir die verowering van wêrelddeel deur die Christendom — dit is in die eerste plek die moed en geloof van die volgelinge en nie soseer die sedelike aspek van die leer self wat belangrik is nie.

Die vurige fanatisme van kommuniste moet juis op die ontwortelde intellektueles en die soekende jeug van die moeë, skeptiese, korrupte, materialistiese, nihilistiese Weste 'n onweerstaanbare bekoring uitoefen en die sterkste daar waar mense nie deur brutale onderdrukking skrikkerig is nie. **Die oorwinning oor die kommunisme kan dus nòg deur atoomoorlog bewerkstellig word, maar alleen deur 'n genesing van die Weste self.**

Niemand weet of die genesing nog moontlik is nie; maar een ding is seker: **dit is alleenlik moontlik as die Weste na sy eie waardes en maatstawwe en „siel" terugkeer waaraan hy sy lewe en grootheid te danke het.** Die Weste het nie sielkundiges propagandiste nie, maar staatsmanne.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

nodig nie, maar priesters. Nie Vryheid en regverdigheid — dit is die twee hoofpunte van die vraagstuk; in die persoonlike en nasionale lewe op die gebiede van politiek en ekonomie en in die kultuur; maar die twee dinge is sedert jare in die praktyk van die Weste tot hoonvol sinies-uitdagende leuens verander.

Laat dit weer waarheid word — dan is daar geen kommunistiese gevaar nie.

# BAIE ONBETROUBARE AMPTENARE

**Die nuus verlede week dat die Britse regering 43 paspoorte van sy eie amptenare herroep het en dat een van sy atoomdeskundiges op die punt gestaan het om na Moskou te vertrek op 'n „goeie gesindheidsbesoek," onderstreep eerder die treurige politieke toestand waarin Brittanje verkeer as wat dit tot gerusstelling dien vir 'n besorgde mensdom.**

**Drie van die persone wie se paspoorte ingetrek is, werk in die departement van buitelandse sake. Die atoomdeskundige is dr. Eric Burhop wat op die laaste oomblik voorgekeer is toe hy saam met 'n geselskap na Rusland wou vertrek.**

---

**Die gereedskap waarmee die Britse regering probeer het om sy reusagtige grondboontjie skema in Midde-Afrika te loods, word tans te koop aangebied.** Die skema het Brittanje £26 miljoen gekos en was 'n algehele mislukking. Die grondboontjieboerdery word tans op klein skaal voortgesit.

# WIL GEDAGTENIS VAN PETAIN UITWIS

**Die fort waarin maarskalk Petain op 95-jarige ouderdom as gevangene gesterf het, sal deur die Franse regering omskep word in 'n welsynsentrum terwyl die sel waarin hy meer as vyf jaar aangehou is, gesloop sal word ten einde te verhoed dat sy bewonderaars sy nagedagtenis daar sal herdenk.**

Petain, wat ná die Duitse nederlaag deur sy eie mense tot lewenslange tronkstraf veroordeel is omdat hy in 1940 Frankryk van verwoesting gered het deur 'n wapenstilstandverdrag met Hitler te sluit, het as laaste wens versoek dat hy by Verdun begrawe moet word, maar dit is geweier. In die eerste wêreldoorlog het hy die Franse leër by Verdun gered en was sedertdien bekend as die Held van Verdun. Miljoene Franse bewonder hom nog as sodanig, maar diegene wat vandag nog bereid is om in vrede met Stalin te leef, het gepoog om hom sy eer te ontneem omdat hy die vrede van Hitler aanvaar het.

Petain was nooit 'n liefhebber van Brittanje nie.

# SOOS AFGELEEFDE OU SKEPSEL

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stoffberg, skryf:**

Van my kindsbeen af moes ek hoor dat ek myself moet wees, maar hoe verder ek gevorder het met die les „Wees jouself", hoe meer het die meesters op my teë geraak, en vandag, nou dat ek die les ken en vir myself dink, nou het die groot meesters, die partypolitici, my uit hul midde verban, en wel omdat ek nie hul nuwe les wil leer nie, naamlik ek moenie myself wees nie, maar dink en doen soos hulle dink en doen — net die teenoorgestelde as die eerste les. Verder gaan die verskil nou ook oor die demokrasie, maar die demokrasie is vir my soos 'n ou skepsel wat al sy kragte verloor het en nog net in die verlede leef, maar nutteloos is vir die hede. Boonop is sy kleed so gelap dat daar van die oorspronklike niks oor is nie. Daar bestaan tewens ook 'n groot warboel oor wat demokrasie is. Stalin beweer dat hy die groot kampvegter van demokrasie is, en die ander volksleiers sê dieselfde. Maar almal tree in die praktyk soos diktators op. In Korea is die kommunisme nie met oupa demokrasie gestuit nie, maar met wapengeweld, en in ons land het dr. Malan sy toevlug teen kommunisme nie na demokrasie se middels geneem nie, dog na mag om die kommunisme te onderdruk. Verder dikteer dr. Malan dat geen O.B.-lid 'n kandidaat vir die A.P. mag wees nie.

Demokrasie gee aan die nieblanke die reg om gelyke regte met die blanke te geniet, en dit gee ook aan die kommunisme die reg om propaganda te maak vir sy stelsel, en mag ons dit toelaat? Demokrasie was ook die oorsaak dat meer as een land al om die ander dag 'n nuwe regering moet saamstel. Om kort te wees — demokrasie, soos ons dit ken, het vir ons tyd heeltemal ondoeltreffend geword. Die party-politici praat ook baie van demokrasie, maar nie een waag dit om te sê wat demokrasie nou eintlik is nie. In 'n land waar almal beskaafd is, kan dit nog gaan, maar in Afrika met sy groot meerderheid swart barbare deug dit nie. Die Britse demokrasie het reeds ons voorouers die binneland ingedryf omdat dit tot gelykstellingseise gelei het. Die Britse demokrasie het ons toe agtervolg en sy parlementêre stelsel met geweld op ons afgedruk. Nou het ons die Russiese demokrasie ook bygekry. Ons kort nog net die veto-reg ook, want dit is glo vandag deel van die demokrasie.

As ons partypolitici met hul koerante hierdie feite kan weerlê, sal ek gewillig wees om hul nuwe les te leer, maar hulle volg 'n volstruispolitiek met die kop in die sand.

## Waardering Vir Artikels

**Mev. A. M. de V. Krynauw, Beaufort-Wes, skryf:**

Genl. Hertzog was 'n staatsman — ongetwyfeld die grootste wat die volk hierdie eeu opgelewer het. Dat hy binne die maalstroom van die partypolitiek moes staan, was bepaald nie sy keuse nie. Hy moes afklim tot in die modderpoel van die partypolitiek en boweal wo deur die hom met hul modderhande aanpak!

Dankie vir mnr. J. A. Smith se pragartikels, sy herinnerings uit die Vryheidstryd. Dit was 'n besieling vir almal wat dit gelees het. Mag daar nog meer sulke vrugbare biografiese herinnerings verskyn van die bekwame pen van die skrywer.

Mens mis dit baie in die veelgelese blad, ons O.B. Die hoop word hiermee uitgespreek dat die reeks herinnerings eersdaags in 'n saamgestelde band verkrygbaar sal wees.

Die historiese feite is op treffende wyse opgedis — feite wat soms 'n stille traan oor die wang laat rol.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### Lof vir Blad

**Mev. C. H. van der Walt, Klipspruit, oor P.P. Rust, skryf:**

Ek lees Die O.B. graag tot die laaste stukkie. Ek wil u gelukwens met Die O.B. as nuusblad. Ek het nog altyd die waarheid in hom gekry — al is dit nou na tien jaar dat Die Burger met die regte oorsaak van die ultimatum wat dr. Malan destyds uitgestuur het teen die O.B. voor 'n dag kom. As u in die O.B. die republiek met alle mag propageer sal die regering moet oorgaan tot die republiek buite die Britse statebond.

### Teen Hoër Salarisse

**Mnr. H. P. Wasserman, Langriet, Pk. Kaapse Drift, skryf:**

Ek lees dat die onderwysers en onderwyseresse dalk hoër salarisse gaan kry. Myns insiens kry hulle reeds genoeg om van te lewe. Wat word van ons land se arm bevolking wat moet opdok vir al die stalperde se salarisse? Die onderwysers en ander staatsamptenare noem ek stalperde, want waar 'n mens hulle ontmoet, stap hulle uit onder 'n arm man wat moet swoeg en sweet om te kan lewe. Wat word vandag vir die arm boer gedoen van staatswee? Niks nie, want vra 'n arm man by ons ministers en parlementslede vir iets wat hy nodig het, word dit kortom van die hand gewys. Ek skrywe van ondervinding. Ons arm mense op die platteland word net gebruik vir stemvee. Daarvoor is ons goed om die hoë menere in die parlement te bring.

Ek hoop net die administrateur sal nie aan die onderwysers meer geld toeken nie. Myns insiens leef ons net in 'n lekker ryk land vir diegene wat stalperde is en hoë salarisse ontvang.

# V.S.A.-SKARE POR SEUN AAN TOT SELFMOORD

**Hoe groot die menslikheidsgevoel by die sensasiebeluste Amerikaner van die stad is, kan afgelei word van onderstaande beskrywing van 'n gebeurtenis 'n paar weke gelede in Boston, soos dit in die Amerikaanse weekblad Time verskyn:**

## *Wil Sien Hoe Dit Lyk As Hy Doodval*

Die skare het voor Boston se ou rooibaksteen-hotel Touraine saamgedrom nog voordat iemand daarbinne geweet het dat 'n persoon uit 'n venster op die negende verdieping geklim het en nou op 'n smal lysie staan en balanseer. Binne 'n minuut was die verkeer ontwrig en het duisende saamgepers in die middagreëntjie, met die koppe agteroor, gretige gesigte en die oë gevestig op die onvaste figuur daar ver bo hulle.

Die persoon op die lys is 'n seun in die tiender jare met 'n wynrooihemp en kakiebroekie. Hy werp sy baadjie neer en die skare dawer toe dit val. „Spring!" dreun 'n stem van die straat af. Die figuur buig vooroor, maar steier dan terug met sy arms in die rigting van die twee vensters aan weerskante. Opnuut dreun die stemme: „Komaan, spring! Bring die vertoning tot op die grond!"

In die begin het 'n groot aantal toeskouers vir die grap saamgeskreeu, waarskynlik onder die indruk dat dit 'n publisiteitstoertjie vir 'n rolprent is. Maar namate die tyd verbygesnel het, het daar 'n opgewonde senuagtige spanning in die skare ontwikkel. „Spring!" het hulle geskreeu.

### „KRANKSINNIGE DEBAT"

**Die stemme in die straat het vir een uur en 35 minute oor 'n boeg aangehou. Vir een uur en 35 minute het mense wat uit die venster naaste aan die seun, geleun het, teen die skare in die straat geworstel in 'n soort kranksinnige debat.**

Die eerste aspirant-redders — 'n konstabel, 'n reisiger, 'n speurder — kon niks van die seun sien nie behalwe een vuil hand aan die venstermuur. Terwyl hulle daarna gekyk het, het hulle gepleit. Na 'n rukkie het die vingers na hulle uitgesteek en 'n sigaret geneem. **Maar toe dreun die skare se stemme daaronder weer op en die vingers gooi die sigaret weg.** „Kom binne," pleit die speurder. 'n Stem anderkant die vingers antwoord. „Waarom sal ek?"

### MEISIE NA VORE

**„Spring!" skreeu die skare.** Maar een onder hulle, 'n 21-jarige kelneres met die naam Marilyne Giannattasio, probeer met alle mag inbeur by die hotel. Toe sy die kamer bereik, het die polisie haar voorgekeer. Haar donker hare het op haar skouers gehang, haar lipsmeer was uitdagend rooi. Sy het hulle nie raakgesien nie. Na een enkele kyk, wat haar met afgryse vervul het, is sy deur 'n skielike bejammerende drang gedryf om die figuur op die lysie te red. Toe die polisie probeer om haar te keer, het sy wanhopig gejok: „Ek ken hom en kan hom red." Hulle laat haar in. Sy loer by die venster uit. Die seun het donker hare en 'n lang kakebeen; sy oë was stroef, ontwykend, verbyster. **Hy het op 'n skuins rantjie van twaalf duim breed gestaan met sy tone laer as sy hakke. Hy leun vooroor. Die meisie pleit verontwaardig: ook sy het moeilikheid. Sy het 'n baba van sewentien maande wat blind is. „JY behoort te spring!"**

Stukkie vir stukkie begin die seun te praat. Sy naam is Louis Turini. Nee, sy naam is eintlik Albert Santos. Maar hulle het dit in die leër afgeskryf as Albert Thomas. Nou is hy al veertien dae weg sonder verlof. Hy kla oor sy geskeide ouers, sy kinderdae in die agterbuurtes van Boston. Hy babbel wild oor 'n meisie. „My nooi het met 'n musikant weggeloop. Hy rook dagga. Ek weet sy is tot ondergang gedoem . . ."

### TELEURGESTELDE SKARE

Na 'n rukkie het hy sy hand aan die kelneres gegee. **Toe gly hy en val byna. Honderde klap hul hande en skreeu uit een stem soos bofbaltoeskouers wat 'n lopie eis. 'n Meisie wat langs 'n matroos staan en giggel, sê: „Ek is van die bloedige soort. Ek wil hom sien spring." 'n Vrou met die hoed op die kop hardloop na vore in die oop ruimte reg onder die seun, steek haar hande uit en skreeu: „Spring! Ek sal jou vang." Bo op die lysie sê die seun vir Marilyne in 'n gespanne stem: „Hulle wil hê ek moet spring."**

Nou begin 'n nuwe stem met hom te praat — 'n Jesuït, eerw. P. Curran, wat hom van die straat af gesien en na die kamer gesnel het. Na 'n lang tyd skuif die seun nader na die venster. Al bewende klim hy deur na binne en begin te huil. 'n Konstabel hardloop vorentoe en slaan die venster toe. Marilyne steier terug en val flou neer.

**Onder in die straat het die skare skoorvoetend uitmekaar gegaan. „Nee!" skreeu iemand. „Darem amper!"**

**'n Skeepskaptein met drie rye veldtoglinte aan sy bors sê saggies: „In twee oorloë het ek nooit iets so afgrysliks gesien nie. Dit maak dat jy 'n haat in mense kry."**

## *Duitse Soldate Stel Eise*

'n Vergadering van 4,000 voormalige valskermtroepe het verlede week in Duitsland besluit dat hulle nie vir die Westerse bondgenote sal veg voordat Duitse generaals wat nog in die tronk sit, vrygelaat word nie. Hulle het veral aangedring op die vrylating van veldmaarskalk Kesselring, admiraal Räder, genl. Von Neurath en grootadmiraal Dönitz.

Die besluite het volle gelykheid vir Duitse soldate in die Westerse verdediging geëis, 'n onmiddellike staking van die beplande lasterveldtog teen die „verdedigers van die vaderland" en die onmiddellike vrylating van alle sogenaamde oorlogsmisdadigers.

## V.P. Verwelkom Fakkelkommando

**Die Verenigde Party verwelkom die Fakkelkommando heelhartiglik, het die Kaaplandse leier van die party, mnr. J. W. Mushet, verlede week gesê na die stigtingsvergadering van die Fakkelkommando in Kaapstad.**

Hy het gesê dat bewegings soos hierdie toon dat daar ag geslaan word op die V.P. se waarskuwings aan die volk teen die beleid van die regering.

„Ek verwelkom die Fakkelkommando in ons demokratiese geledere. Hierdie geledere is besig om aan te was. Die Verenigde Party het die eer om hierdie geledere te lei en hy sal dit op kragdadige wyse bly doen."

(Lees ons hoofartikel).

## *Katolieke Se Politieke Plig*

**„Dit sal nie verstandig wees om die stigting van 'n Katolieke politieke party in die Unie te oorweeg nie, maar dit is gebiedend noodsaaklik om 'n Katolieke politieke inligtingsentrum te hê met takke in die groot stede en dorpe," het die apostoliese afgesant na Suidelike Afrika, aartsbiskop Martin Lucas, gesê in sy toespraak voor die Katolieke noenmaalklub van Pretoria.**

**Die aartsbiskop het die houding geskets wat Katolieke teenoor politieke partye behoort in te neem en het voorgestel dat Katolieke „'n soort eenheid" moet vorm en hul gewig by 'n ander party ingooi ten einde 'n program op te stel wat vir sowel die Katolieke as die betrokke party aanneemlik is.**

**Die blanke bevolking van Noord-Rhodesië het die afgelope vyf jaar verdubbel en staan tans op 37,220.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Ander Grondslag Nodig

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

leentheid gegee word of as ek dit aangryp om die H.N.P. en A.P. geamalgameerd daadwerklike steun en hulp te verleen waar en wanneer nodig, baie meer nog om bv. daardie staatshervorming waaruit werklike volkseenheid sal voortspruit te verkry as wanneer ek aansluit en onder die menigte in van my terrein verdwyn. **Samewerking tussen die verskillende volksorganisasies met daardie doel is van baie groter en meer praktiese belang as die inkruiping van almal onder een partykombers waardeur jou bydraende hulp en energie gekniehalter en jou terrein vernou word deur sekere party-reëls en voorskrifte wat vir mededingende partye om parlementêre partywins nodig is.**

Uitbouing van die partye sonder meer is 'n versterking van die oorsaak van volksverdeeldheid.

Die stootkrag van verskillende organisasies met eie stoflike en geestelike voedsel voorsien, is oneindig groter as dié van een individuele organisasie waarin die ander opgegaan het.

Die H.N.P. wil nie eens sy eie provinsiale partygroepe opswelg in 'n uniale nie en wel om dieselfde rede as wat ek as O.B. voel dat ek nie my organisasie kan laat opgaan in die groter nuwe party wat staan gestig te word nie.

Ek gaan my taak, my sektor van die strydfront nie ontruim vir 'n ander nie. Ek gaan nie my besondere taak as brandwag op die skouers van 'n ander aflaai nie, nie op dié van dr. Malan of mnr. Havenga nie. **Ek gaan my taak self behou en uit voer. My bydrae moet wees 'n bydrae vir die volk, net soos hulle s'n ook moet wees. As hulle hul plig doen, ek sal myne doen en sodoende sal ons baie meer kan uitvoer vir die eenheid van ons volk.**

## Almal Eis Nou Hoër Salarisse

Staatsamptenare agiteer tans oral in die land om hoër salarisse. Die amptenare in Pietermaritzburg kom op 8 Augustus byeen om hul eis om 'n verhoging van 12½ persent te bespreek. Op ander plekke word versoekskrifte vir ondertekening rondgeneem deur takke van die Staatsdiensvereniging.

**Die eis van 12½ persent verhoging is nog beskeie in vergelyking met die verhoging van 40 persent wat die ministers en parlementslede hulself toegeken het. Hoe hulle ná die ruimhartige leniging van hul eie nood, hierdie eise sal kan bestry, is vir die gewone mens nogal moeilik om te begryp.**

## Britse Bevolking Word Meer

Die bevolking van Brittanje het sedert 1931 met 8.6 persent toegeneem na 53,327,333, volgens die jongste sensussyfers.

Vir die eerste keer in 100 jaar is daar 'n trek van die stede na die platteland waarneembaar, wat toegeskryf word aan die groter aandag wat Brittanje aan sy landbouproduksie in die afgelope tyd begin gee. Meer as 'n miljoen mense het Londen verlaat. Die stad se bevolking tel nou 8,346,137.


• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.





„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg RA 52

Luister na Rembrandt-programme oor die Handelsradio. S.A.U.K. Maandae 6.45 nm.; Donderdae 6 nm. — Die Puik Afrikaanse Programme.